# JESUS CHRISTUS IS VANDAG SELF DIE SKEPPER VAN DIE HEMEL EN DIE AARDE

## 1. Hoe werk dit?

Kom ons lees weer Lukas se getuienis oor Jesus se verskyning!

*" 36 Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: "Vrede vir julle!" 37 Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees. 38 Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? 39 Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.""* (Lukas 24)

Die apostel Johannes vertel só van dieselfde verskyning:

*"19 Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" 20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. 21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." 22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."*

Jesus is 'n mens van vleis en bloed, nes ons.

Nou hoe het Hy dan in daardie kamer ingekom? Die deure was gesluit omdat die dissipels bang was vir die Jode. Maar erger, daar was nie eens vensters nie!

Hoe kon Hy inkom? Vleis en bloed kan nie verdwyn en later weer vleis en bloed word nie. Jesus is nie 'n gees nie. Hy is ook nie 'n spook nie.

## 2. Hy doen dit met dieselfde krag waardeur Hy wonders doen

### Jesus laat weerstelsels, swaartekrag en oppervlaktespanningskragte werk

In Lukas 8 verse 22 tot 25 word vertel dat Jesus op die water loop. Jesus se dissipels vra: *"Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan die wind en water en hulle gehoorsaam Hom?"* Wie is die enigste wese wat hoog- en laagdrukstelsels kan skep wat maak dat winde waai? Wie is die enigste wese wat water se oppervlaktespanningskrag en swaartekrag kan verander of maak dat dit nie werk nie? Wie het hierdie magte so in sy hand dat net Hy dit kan laat werk of nie werk nie?

Dit is net God self, die Skepper van hemel en aarde!

**Jesus laat dooies weer leef**

In Lukas 7 verse 11 tot 17 word vertel dat Jesus 'n weduwee se seun, wie hulle op pad was om te begrawe, weer laat leef. Wie is die enigste wese wat lewe kan skep? Dit is wat hier gebeur. Liggaamselle wat ophou werk het en ontbind het, begin weer leef. Al die liggaamselle wat dood was, ook die brein, álles begin weer leef!

Dit is net die Skepper van die lewe wat so iets met lewe kan doen: om dit weer te laat begin nadat dit opgehou het.

**Jesus vermeerder materie en energie**

Dit is 'n wet binne die skepping dat energie nie vermeerder of verminder kan word nie. Hout wat verbrand word omgesit in hitte. Hitte laat lug beweeg. Lug wat beweeg kan weer water vorm. So hou dinge aan om van een vorm na 'n ander vorm te verander.

In Lukas 9 verse 10 tot 17 word vertel dat Jesus twee vissies en vyf brode vat en dit só vermeerder dat meer as vyftienduisend mense kos kry om te eet.

Jesus vat materie en energie – en Hy vermeerder dit. Daar is net een wese wat die krag het om energie te vermeerder. Dit is die Skepper van hemel en aarde!

**Jesus vorm liggaamselle en verander die werking van virusse en bakterieë**

Net so word orals vertel dat Jesus mense wat blind, stom, doof en kreupel is, genees. Hierdie genesings beteken dat Jesus die krag het om die DNA molekules van mense aanmekaar te kan sit en te laat werk. Hy kan menslike liggaamselle laat vermeerder en net deur te praat, virusse, bakterieë en parasiete vernietig.

Wie kan die samestelling van DNA molekules rangskik en laat werk net soos Hy wil – net deur te praat? Dit is net die Skepper van hemel en aarde.

**Jesus verander die chemiese samestelling van die skepping**

In Johannes 2 lees ons dat Jesus die chemiese formule van water verander en dit wyn maak. Dit doen Hy net deur dit anders te wil hê. Wie is die enigste wese wat die chemiese kragte so beheer dat Hy dit kan verander en gebruik net deur dit te wil hê soos Hy wil?

Dit is weer net die Skepper van hemel en aarde.

**3. <u>Jesus doen self hierdie werke</u>**

'n Groot fout wat baiekeer gemaak word, is om te glo dat God hierdie wonders deur Jesus as mens doen. Dit is nie waar nie. God gee nooit hierdie mag wat

Hy in Homself het – om die swaartekrag, chemiekragte, lewenskragte, energiekragte en weerkragte volgens sy wil, en net deur sy wil, te laat werk – aan mense nie.

Dit is wat God in Homself is en Hy deel dit nie met enige sterflike wese nie. God deel ook nie hierdie krag aan Jesus as mens mee nie.

Jesus is ʼn gewone mens van vleis en bloed, en as mens deel Hy nie in God se kragte nie.

**4. <u>Jesus is die Skepper – een met die Vader en Gees</u>**

**<u>Jesus is die Woord</u>**

Kom ons lees saam uit Johannes hoofstuk 1*:*

*"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.* [2] *Hy was reeds in die begin by God.* [3] *Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.* [4] *In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. Die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid." ...* [14] *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien ..."*

Hierdie vers praat van "in die begin". Waaroor gaan dit? Dit gaan oor Genesis 1 vers 1: *"In die begin het God die hemel en die aarde geskep."* Nou staan hier in Johannes 1 vers 1 – in die begin was die Woord daar. Wie is hierdie "Woord"? Kyk na vers 14: die Woord het mens geword. Dit is Jesus Christus self.

Van Jesus Christus word nou gesê dat Hy in die begin self daar was, dat Hy self ook alles gemaak het wat God gemaak het – want Hy was self God.

In vers 4 word gesê wat dit beteken dat ons Jesus die Seun van die Vader noem: Hy het dieselfde heerlikheid as die Vader. Dit beteken Jesus is net soveel die Skepper as wat die Vader is. Hy is nie ʼn bietjie minder as die Vader nie.

**<u>Jesus is wat Hy is: Here</u>**

Kom ons lees nog ʼn gedeelte uit Johannes 8:

*"*[57] *Die Jode sê toe vir Hom: "Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?"* [58] *Jesus het hulle geantwoord: "Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is."* [59] *Hulle het toe klippe opgetel om Hom daarmee te gooi. Maar Jesus het gaan skuil en van die tempel af weggegaan."*

In hierdie verse sê Jesus dat nog voor Abraham gebore is, Hy al was wat Hy is. Wat bedoel Jesus met hierdie woorde? Kom ons kyk waar kom hierdie woorde vandaan!

*“[11] Toe sê Moses vir God: “Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?” [12] God het Moses geantwoord: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid.” [13] Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?” [14] Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.””* (Exodus 3)

Kyk na vers 14! Dit is God se naam in die Ou Testament: Ek is wat Ek is. Die woord “Here” in die Bybel is ŉ Hebreeuse woord wat beteken: Ek is wat Ek is. Dit is hoe die Jode God in die Ou Testament geken het.

Wat sê Jesus vir die Jode: wie is Hy? Hy sê vir hulle: “Ek is wat Ek is.” Jesus sê Hy is die Here wat die tien plae gestuur het; Hy is die Here wat die Israeliete deur die Rooisee laat trek het; Hy het manna en kwartels vir hulle gegee. Hy is die Here wat hulle in ballingskap laat gaan het.

Wie? Jesus se Vader? Ja – maar Jesus self ook. **Hy en die Vader is Een.** Dit is nie die Vader wat God is, en Jesus wat onder Hom is nie. Jesus is self Skepper van hemel en aarde.

### 5. Hoe werk dit?

Jesus staan die Sondagaand na sy begrafnis tussen sy dissipels sonder dat die deur oopgemaak word. Hoe werk dit? Hy is self die Skepper. Hy is Here van ruimte, tyd en dimensies. Daarom kan Hy tyd en dimensies so draai dat Hy selfs deur vaste stof heen kan kom.

As mens het Jesus steeds mens van vleis en bloed gebly. Maar Hy is nie net mens nie. Hy is mens van vleis en bloed in die hemel – maar Hy is self die almagtige, alomteenwoordige en ewige Skepper, hier bý ons.

**Jesus is gelyktydig albei: gewone mens en self God, die Skepper van hemel en aarde**

### 6. Foefies en namaaksels

Alle bygelowe glo in goddelike mense: mense waardeur God sy krag en mag laat werk. Jesus was nie so mens nie. Hy was ŉ gewone mens – net soos ons, en vandag is Hy nog steeds ŉ mens van vleis en bloed in die hemel. Al wat anders is, is dat Jesus nie verouder of weer kan doodgaan nie.

God het nie deur Jesus as mens geleef of gewerk nie. Jesus is self die Skepper van hemel en aarde. Daarvan getuig al die werke wat Hy gedoen het.

Mense wat Jesus se wonders namaak, wil nie hê ons moet glo Jesus is self Skepper nie. Hulle wil hê ons moet glo Hy was ŉ mens waardeur God wonderwerke verrig het, en noudat Jesus nie meer self by ons is nie, gaan God dit weer deur hulle doen, net soos met Jesus.

Dit is ŉ namaaksel en ŉ foefie!

**7. <u>Jesus is nóú mens en God</u>**

Jesus is Here. Hy is nou as God hier by ons. Hy versorg ons met dieselfde magte waarvan die Bybel getuig: die mag van lewe, weer, chemie, swaartekrag – alles is in sy hand en Hy is ons Here. Hy werk nie hierdie kragte deur ander mense wat Jesus wil verteenwoordig nie.

Jesus is ook nou mens in die hemel. Mens van vleis en bloed. Hy is nie maar net ŉ gees iewers in die lug of ŉ mens van die verlede nie. Hy is nou vir ons mens in die hemel.

**8. <u>Bybellees</u>**

Dit is die boodskap van die Bybel. Jesus is vandag ŉ gewone mens van vleis en bloed, en Hy is ook terselfdertyd sélf Skepper van die Hemel en aarde.

Die Bybel wil ons nie vertel wie Jesus wás nie. Elke berig wat ons lees oor die Here, is om vir ons te sê wie Hy nóú is! So moet ons die berigte lees oor Hom as mens en sy wonderwerke. Hy is mens en God vandag.

Nooit mag ons die Bybel lees asof Jesus net iemand was wat vir ons ŉ voorbeeld is van hoe ons self moet wees nie. Hy is iemand wat ons nooit kan wees nie. Hy is mens én God, vandag!

Dit is wat die berigte oor die Here ons vertel en wys oor Hom.